... VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.11 · Vol. 88 Pg 4395 - 4446.

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-05-15/16/19/20

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

88

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 88

(Bladsye 4 395 - 4 446)

MNR. JACOBS: U Edele, die volgende getuie - ek gaan ook aansoek doen dat sy getuienis in camera gegee word. Op die oomblik is die getuie in die dorp. Hy het blykbaar gaan kos koop. Hy was vanmôre heel môre ...

HOF: Wat is u standpunt, waarom moet hy in camera getuig?

MNR. JACOBS: U Edele, die getuie vrees vir sy lewe.

HOF: Waar woon hy?

MNR. JACOBS: Hy is in Pretoria-distrik. Daar is 'n wesenlike gevaar dat hy ook, as hy getuienis gee in hierdie tipe saak, dat hy dan in gevaar verkeer.

HOF: Waaroor gaan hy getuig?

MNR. JACOBS: Hy gaan ook oor 'n vergadering ...

HOF: Oor 'n vergadering?

MNR. JACOBS: 'n Vergadering wat hy identifiseer en 'n videoband.

HOF: Waar is die vergadering? In Johannesburg?

MNR. JACOBS: In Lenasia was die vergadering gewees.

HOF: Wat is die man se beroep? Is dit ook iets wat u nie mag meld nie?

MNR. JACOBS: Dit is iets wat ek nie mag meld nie.

HOF: Hoeveel vergaderings is hier ter sprake?

MNR. JACOBS: Hier is een vergadering ter sprake. Dit is 'n UDF Youth Rally.

HOF: Ja, mnr. Bizos?

MR BIZOS: In addition to everything else that we have said in relation to this, My Lord, I submit with respect that the public perception may well be created by hearing this sort of evidence in camera, that this is really a case in which the contents of these videos is of such a conspiratorial nature that a witness has got to give evidence about them behind closed doors which may be prejudicial ...

COURT: We do, of course, show them outside.

MR BIZOS/..

MR BIZOS: That is so, My Lord, but the fact that the court is closed - it actually had not occurred to me until I discussed the matter with the accused, with the greatest respect, and it was put to me very forcibly that there is an implied suggestion that once witnesses say we want to give evidence in this sort of case behind closed doors - other witnesses have given evidence in open court, nothing has happened to them. If these people are policemen, it is really carrying matters too far in my respectful submission. Who would want to do anything to this witness because he identified a video? And in so far as it is suggested that the accused or anyone connected with them would want to do anything when they were being filmed and videoed in public meetings in which they state the policy of their organisations. It gives the public a perception, the allegation being that this was a conspiracy. Well, if even the videos have got to be shown behind closed doors or evidence has got to be given about the videos behind closed doors, there must be something in this allegation of conspiracy, something, My Lord, which the accused and we reject, with the greatest respect, that a public perception may be created ...

COURT: But one should remember that the public perception is to a large extent created by what is in the newspapers and that the newspapers are present at this trial and the public can look at the videos. So, to a certain extent your argument is valid, but it does not go all the way.

MR BIZOS: No, but the fact that it is behind closed doors which the newspapers have reported and they will no doubt continue to report that videos are being shown, taken at public meetings where a lawful organisation is propounding its policy and it has to be given - evidence has got to be given by a witness behind closed doors. The perception is going to be inevitably

created/..

created in the public mind that there is somewhere a conspiracy, there is some reason why this witness is giving evidence behind closed doors. In so far as - it may well be, My Lord, that this person could not be used for under-cover police work for instance in the future. Well, it may be unfortunate, but I would submit, with respect, that the image of the administration of justice is just as important as having some junior person's identity kept a secret from the public. It is no different, My Lord, to the trap in a diamond case.

COURT: No, but that was not the consideration. I mean Mr Jacobs did not on that basis apply, either in this case or in the previous matter, for the holding *in camera*. I referred him to the section in the act which does not cover this.

MR BIZOS: Yes, he mentioned it but Your Lordship did not take it into consideration. I will concede that because Your Lordship told him that that is not a ground at all.

COURT: Yes.

MR BIZOS: But it is now mentioned again that his work cannot be - My Lord, if Your Lordship goes on with this on this basis we will have a situation that the man who gives evidence in a diamond trapping case will say "I want to give my evidence behind closed doors and I do not want to say what my occupation is".

COURT: Well, if the - apart from the occupation, if the man giving evidence in a diamond trapping case is afraid for his life because some other people involved in the diamond business may kill him, that may be a consideration. So, it depends.

MR BIZOS: Then, My Lord, with the greatest respect there would be an implied accusation which was *prima facie* accepted that the accused had something to with it.

COURT: No, no, not necessarily.

MR BIZOS: This is something that we are really very concerned

COURT: No, it should not be seen in that light at all, but we have a situation in this country where it is not all very calm and where people are being hurt and if a witness is afraid, it depends on the witness, it depends on the circumstances, that is why I asked where he lived and where this meeting was held, et cetera and I will hear him after lunch and see what the position is.

MR BIZOS: We would urge, My Lord, with the greatest respect that if he is in the service of the State, if he is a police officer, why didn't the people who live in Sebukeng? The police officers in Sebukeng, they are at much greater risk. The councillors who live in Sebukeng are at much greater risk. If we compare the situation of a person that has already given evidence here in open court or the people from Vryburg. What is the special protection that is required? I would be the last one in the world to try and endanger anyone if there was any real danger, with respect, or if there were good grounds in law, and I think that we have shown this throughout this trial, including that - if we do not have to investigate his background, we are not really - if the nature of his evidence is such that we are not really interested in his identity, but there are fundamental questions in relation to the administration of justice which Your Lordship will not allow to be side-stepped, with respect, by considerations such as that we have now reached a stage where we cannot hear what the occupation of the witness is, we cannot hear what he was doing there or what was happening. What I am saying is it may or may not be important. I submit that it was not of particular importance with the last witness as it turned out, but it may be of fundamental importance in every case for the ordinary rule that the doors of the court should be open to be followed with this sort of witness.

COURT/..

COURT ADJOURNS FOR LUNCH. COURT RESUMES.

HOF: Ek sal nou die getuie aanhoor.

MR BIZOS: My Lord, before we start may I bring to Your Lordship's attention that we may have to - if it remains uncorrected, 19B which is the purported transcript of Mr Mokoena's speech, where he speaks a couple of times ...

COURT: Page?

MR BIZOS: I have been looking for it, My Lord, it appears on two places, 7, 8 and 9 - I have not been able to - where he speaks of - where he is recorded on this to speak of a totalitarian state. It is an egalitarian state.

COURT: Egalitarian?

MR BIZOS: Egalitarian and not totalitarian.

COURT: Well, let me just pick it up first.

MR BIZOS: My attention was drawn ..

COURT: Where does he start speaking?

MR BIZOS: He starts speaking at in what used to be 19B.

COURT: Oh yes, one I have got, an open totalitarian society, at page 5.

MR BIZOS: Yes, that is an egalitarian ..

HOF: Is dit so?

MNR. JACOBS: Ek sal dit so aanvaar. Ek het dit nie weer ...

HOF: Ek dink u moet seker maak.

MNR. JACOBS: Ek sal net dit moet korreleer eers. Ek het nie ...

HOF: Goed. Ek sal 'n vraagteken daar sit.

MR BIZOS: And it appears elsewhere as well.

MR JACOBS: Can you just give us the other page as well, then we can just check on that?

MR BIZOS: Yes, we will discuss it.

MNR. JACOBS: U Edele, die Staat sal, by die geleentheid vanmiddag as dit breek sal ons daardie ding gaan korreleer en kyk.

HOF/..

HOF: Net 'n oomblik. Miskien sal ek die plek kan kry deur vinnig te lees. Nee, u moet dit maar self vind en my aandag daarop vestig. Ons sal hierdie deel van die verhoor werklik in camera doen totdat ons besluit het oor die vraag of die hele saak in camera moet wees. Die getuie moet nou kom.

HOF AAN GETUIE: Ek verstaan dat u wil getuig in hierdie saak in camera. -- Ja.

Ek verstaandat u gevra sal word om 'n uitkenning te maak van 'n vergadering wat op videoband opgeneem is. Nou, waarom wil u in camera getuig? -- Dit is omdat deesdae hier buite as 'n mens getuienis gee in hierdie tipe sake, dan maak hulle jou dood.

Waar woon u? -- Atteridgeville.

Is u bang dat u naam gepubliseer sal word in die koerant? -- Ja. Ek wil nie so hê nie.

U is nie bang dat u uitgeken sal word in die hof nie? -- Ek is nie tevrede met die mense wat net hier kom sit en luister, dat hulle teenwoordig moet wees nie. Net die beskuldigdes kan teenwoordig wees.

Ja wel, die beskuldigdes moet uit die aard van die saak teenwoordig wees. My mening is dat as ek die publikasie van jou naam in die koerante weerhou, dat dit waarskynlik heeltemal voldoende beskerming sal wees en dat daar nie 'n rede is om die publiek uit die hof uit te hou nie. Het jy enige kommentaar daarop? -- Hulle kan dan inkom, maar dit moenie in die koerant wees nie.

Bevel/..

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-05-15

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL

PROF. W.A. JOUBERT

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

---

B E V E L

VAN DIJKHORST, R.: Dit word beveel onder artikel 153(2)(b) dat die identiteit van hierdie getuie nie bekend gemaak sal word nie, nie in die hof nie en ook nie deur middel van die pers nie. Verder sal die hof oop wees vir die publiek.

Dit hou natuurlik in, hierdie bevel, dat daar nie vrae gevra sal word wat 'n aanduiding kan gee tot die identiteit van hierdie getuie nie, omdat ons nou nie in camera sit nie, maar die hof oop is vir die publiek.

- - -

HOF/...

INGESTUUR VIR HERSIENING

HOF: Skryf u naam, asseblief, op hierdie papier. (Getuie skryf sy naam op 'n stukkie papier.) Hierdie getuie sal bekend staan as in cognito-getuie nr. 14.

MNR. JACOBS: U Edele, kan ek dan net vra dat iemand vir die pers sê wat die Hof se bevel is, want hulle was nie in met die bevel wat gemaak is nie.

HOF: Ek sal dit self sê. Die bevel wat ek gemaak het, is onder artikel 153(2)(b) van die Strafproseswet - kan u dit tolk ook dan kan die publiek dit hoor - en dit is dat hierdie getuie se getuienis oop is vir die publiek, maar dat die identiteit van hierdie getuie onder geen omstandighede bekend gemaak sal word nie en dit natuurlik geld dan ook wat die pers betref.

IN COGNITO-GETUIE NR. 14 v.o.e. (Deur Tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Het jy 'n byeenkoms wat bekend gestaan het as die UDF Youth Rally te Patedar Hall, Lenasia bygewoon? -- Ja.

Kan jy onthou wat die datum was? -- 24 Julie 1984.

Toe jy by die saal aangekom het, kan jy vir ons beskryf wat was die saal se omstandighede gewees, by die saal. Was daar enigiets opmerklik daar gewees? -- Ja.

Gaan voort. -- In hierdie saal was daar materiale gewees van UDF wat aan die muur vas was.

HOF: Is dit baniere? -- Ja, die baniere.

MR BIZOS: Would My Learned Friend indicate the V number of the provisional transcript. It will help a lot, with respect.

COURT: Yes.

MNR. JACOBS: V15 sal dit wees.

HOF: V15, en die bewysstuk gaan ook 15 wees.

MNR. JACOBS: Hy gaan 15 wees. Jy sê daar was baniere gewees, kan jy nog vir ons sê? -- Daar is van hulle wat SAAWU geskryf was, MAYO, YCO - ek kan nie die ander onthou nie.

Toe/..

Toe jy gearriveer het by die saal, was daar al mense gewees en indien wel, wat was hulle besig om te doen? -- Daar was mense gewees. Daar was singery aan die gang binne-in die saal. Daar was ook mense buite.

Wat is gesing? -- Freedom Songs was gesing in hierdie saal.

Is dit nou voor die vergadering begin het met die sprekers om hulle toesprake te lewer? -- Ja.

Toe jy nou ingegaan het, het jy gaan plek neem in die saal? -- Ja, ek het binnegegaan en gaan sit daar. Ek het weer uitgegaan op 'n stadium, want hulle het nog nie begin nie.

Waarheen is jy toe jy uit is? -- Ek het by die mense gaan staan wat buite die saal was.

Het jy later weer ingegaan? -- Ja, later het ek teruggekeer in die saal. Dit is na die tweede bus wat van Atteridgeville af gekom het daar opgedaag het, want hulle het gewag vir die bus om eers op te daag voor hulle begin het.

Toe jy ingegaan het, was daar sprekers al op die verhoog?

HOF: Toe hy die tweede keer ingaan?

MNR. JACOBS: Die tweede keer. -- Toe ek inkom daar dit is toe hulle net gesê het dat hulle die eerste persoon, spreker, gaan roep.

Kan ek dit so stel, toe jy die eerste keer ingegaan het, was daar toe al mense op die verhoog? -- Daar was die singery aan die gang in die saal en op die stadium het ek drie persone gesien op die verhoog, dit wil sê by die plek waar die voorsitters plek neem.

Was dit van die latere sprekers? -- Toe ek die eerste keer daar gekom het, die persone het net daar op die verhoog gesit. Eers na die mense almal daar teenwoordig was, dit wil sê na die Atteridgeville se mense daar gekom het, was daar toe sprekers gewees.

Kan jy/..

Kan jy onthou hoeveel mense daar op die verhoog was wat as sprekers opgetree het wat jy kan onthou? -- Ek onthou net dié wat saam met my van Atteridgeville af gekom het.

Wie was sprekers gewees wat jy kan onthou? -- Cedrick Kekane, Deacon Mathe, Amanda Kwadi, Ingwapele Madingwane.

HOF: Deacon, wat is sy van? -- Mathe.

MNR. JACOBS: Kan jy nog onthou of is dit al wat jy kan onthou? -- Dit is al wat ek onthou.

Kan jy onthou wie die voorsitter van hierdie vergadering was? -- Ek onthou net vir Deacon Mathe, want hy is die een wat saam met ons gekom het. Die ander mense is aan my onbekend.

HOF: As die advokaat praat van 'n voorsitter, het hy gewoonlik net een persoon in gedagte. Was daar meerdere persone wat u voorsitters noem? -- Daar was baie mense wat op die verhoog gesit het, maar Deacon is die persoon wat die spekers daar opgeroep het om toesprake te maak.

MNR. JACOBS: Kan jy onthou of daar mense was met kameras wat daar afgeneem het in die saal? -- Ja, daar was.

U Edele, ek wil dan versoek dat ek 'n bewysstuk inhandig, dit sal wees BEWYSSTUK 15. Ek het 'n amptelike koevert weer eens wat geseël is met rooi seëllak waarop 'n nommer voorkom van die polisie, seël nr. 1141. Die koevert is voorop gemerk, oorspronklike video gemerk "UDF Youth Rally, 28 July", dit is wat staan op die agterkant van die video, dan staan daar nog Lulu Johnson, M. Maropa, Jim en dan staan daar 9(4) AYCO, Jennifer, Cedrick Kekane - dit is die aanhalings wat op die video gemerk is en op die bokant van die video is in kleeflint aangebring en gemerk 112.

HOF: Dit staan alles op die koevert?

MNR. JACOBS: Dit staan op die koevert. Ek maak dan die koevert oop en breek die seël. Binne-in die koevert is daar 'n

videokasset/..

videokasset. Hy het nie 'n houer nie. Op die rugkant is daarso UDF, dit is weer in hierdie gedrukte kleefband wat 'n mens kry wat so uitdruk, staan daar UDF Youth Rally, 28 July en net onder dit is in blou pen geskryf dieselfde, UDF Youth Rally, 28 July, en die kleefband is ook op hierdie rugkant aangebring met die nr. 112 daarop, dan is hierso 'n etiket opgebring "Lulu", op, sal ek sê, die voorkant van hom, "Lulu" waarop in drukskrif geskryf is "Lulu Johnson, M. Marope, Jim" en dan kom die volgende "9(4) AYCO" en dan Jennifer, Cedrick Kekane. Dit is 'n Scotch videokasset E118 1E180, three hours, VHS.

HOF: Ek hoop nie hy is vol nie.

MNR. JACOBS: Nee, as 'n mens na die transkripsie kyk dan lyk dit nie of hy so lank kan wees nie.

HOF: Hy moet gemerk word, asseblief.

MNR. JACOBS: Ek het hom op die voorkant op daardie etiket wat daar aangebring is, het ek hom gemerk BEWYSSTUK 15. Ons gaan nou hierdie videoband in die hof speel. Ek wil hê jy moet kyk daarna en as jy dan enigiets daarop identifiseer of sien wat jy aan die Hof wil uitwys, wys dit uit, sprekers. Indien jyself op die videoband voorkom en jy sien jou daar, wys uit, asseblief.

HOF: Net 'n oomblik voor dit begin. Die datum is 26 Julie 1984 op bladsy 3. Ek het 28 Julie, het ons dieselfde transkripsie? 28 Julie. Buite-op is 26 Julie.

MNR. JACOBS: Dit is BEWYSSTUK 15 wat ek het, is ook UDF Youth Rally, Patedar Hall, Lenasia, 1984-07-26.

HOF: Ja, maar die getuienis handel oor 1984-07-24.

MNR. JACOBS: Dié sal 'n mens net kan vasstel as die persoon wat die transkripsie gedoen het - waar die datum van gekom het.

HOF: Nou maar goed. Ons datum is dus voorlopig 1984-07-24.

MNR. JACOBS: Op die stadium sal ons dit daar hou.

HOF: Mag ek net verneem watter tipe masjien word hierdie band op

gespeel/..

gespeel? (Operateur verskaf besonderhede.) JVC model HR/D120ES. En het hy ook weer 'n nommering op?

OPERATEUR: Dit is reg.

HOF: Goed, begin ons by 00?

OPERATEUR: Dit is reg.

HOF: Dankie. (Video word gespeel - stop.) Nr. 56.

MNR. JACOBS: Kan jy net vir die Hof sê daardie saal soos hy daar is, identifiseer jy hom, herken jy hom? -- Ja.

Is dit die saal waar die vergadering gehou was? -- Ja.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 112. U Edele, as 'n mens hom net - daarso het hulle nou op daardie plakkaat Youth Rally en die datum gehad. As ons miskien dit so 'n klein terug sal vat, dan sal 'n mens hom .. (videoband word teruggespeel - stop) Nie so ver nie, nee, dit is te ver. Daar is hy.

COURT: What have you got there?

MR BIZOS: 28 July, Saturday, 2 o'clock.

COURT: At 2.00 p.m.

MR BIZOS: That is in accordance with our instructions.

MNR. JACOBS: Sien jy daarso die datum wat daar gegee word? -- Ja.

HOF: Is daardie datum reg? Of was dit vir 'n ander vergadering, daardie advertensie? -- Ek was in hierdie vergadering gewees.

Het daardie datum betrekking op - daardie datum betrekking op die vergadering waar jy was? -- Ja. Dit was 'n Saterdag.

Nr. 107. Die raampie is 107 en nie 112 nie. Gaan voort. (Video word gespeel - stop.)

MR BIZOS: It may save later referring to it, that there seems to be a lot of moving space and empty chairs at this stage.

HOF: Nr. 143. Die opmerking word genotuleer. Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 584. Sien jy die uniform, beteken die uniform iets? -- Ja, ek ken die T-hempie van die

Alexandra/..

Alexandra Youth Congress.

Die pet en die res van die uniform, het dit enige betekenis of is dit maar bloot toevallig? -- Wat my betref is dit net toevallig.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 698. -- Die toneel wat nou daar verskyn op die beeld van die video, dit is waar die T-hemde verkoop was, tesame met boekies en op daardie beeld is die stadium wat van ons nou net daar aangekom het.

Net vir duidelikheid, is dit soos dit gelyk het toe u daar aankom? -- Ja, hulle was besig om te verkoop. Mense was besig om te koop daar.

Maar wat ons nou voorheen gesien het op die beeld, die gedansery in die saal, het u dit gesien of het u dit nie gesien nie? -- Ek weet niks daarvan nie. Dit is op hierdie punt waar ek opgedaag het.

So, u weet nie van die gedansery in die saal wat ons nou gesien het nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): Die persoon wat die onderhoud gevoer het netnoumaar, met die pet op, weet u iets van hom? -- Nee.

HOF: Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) U het vertel van mense wat gekom het met 'n bus, is dit een van die busse? -- Ja, dit is een van die busse.

Nr. 718. Goed, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 993. -- Dit is die persoon wat ek van gepraat het, Deacon Mathe, die voorsitter.

MR BIZOS: We would suggest, My Lord, that this be marked as the beginning of the meeting proper.

COURT: Yes, 993. This person who is described at page 7 as "unknown Black speaker with UDF T shirt", that it be written in that he is Deacon Mathe. (Video cassette is played - stop.) Nr. 1037. -- Die persoon is aan my onbekend.

HOF VERDAAG BY NR. 1037 TOT 1986-05-16.

HOF HERVAT 1986-05-16

MNR. JACOBS: U Edele, ek het daardie "egalitarian" gaan soek. Ek kry dit op bladsy 5 twee keer.

HOF: Net ŉ oomblik, in watter bundel is dit?

MNR. JACOBS: Dit is 19B.

HOF: V19B? Bladsy?

MNR. JACOBS: Dit is bladsy 5. Dit is al bladsy. Dit is die sesde reël en dan weer die 27ste reël, die tweede plek waar dit voorkom. "Totalitarian", maar die woord is "egalitarian".

HOF: Is dit "egalitarian"?

MNR. JACOBS: Ek weet nie of mnr. Bizos saamstem, dit is net die twee plekke en miskien dan ...

MR BIZOS: Yes, that is so, My Lord. There certainly appears to have been a bona fide error, because when I heard it, I also heard "totalitarian" although it is a contradiction in terms. It is clear, when one rehears it, that is "egalitarian".

COURT: Thank you. I have corrected my V19B.

IN COGNITO-GETUIE NR. 14 (Nog onder eed)

HOF: Dit is nog getuie I.C. nr. 14. I.C. staan vir in cognito.

MNR. JACOBS: U Edele, met u verlof sal ons dan nou voorgaan met die speel van die band?

HOF: Die nommer waar ons was is 1037, en die band wat ons voorspeel is band 15. Ja, u kan maar begin. (Videoband word gespeel, stop.) Nr. 1417.

MNR. JACOBS: Ken jy die persoon wat nou daar praat? Kan jy hom identifiseer? -- Nee, dit is ŉ onbekende persoon.

HOF: Is hy nou aan jou onbekend wat naam betref of het jy hom daar nie gesien nie? -- Dit is lank gelede dat hierdie voorval plaasgevind het. Ek kan nie meer onthou of ek hom ooit gesien het nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1507. Ken u hierdie man

wat/..

wat hier praat? -- Nee.

Ons is nou hier op bladsy 12 van die "transcript" waar dit staan dat 'n "unknown Black male" aan die woord is. Ken u nie sy naam nie of kan u nie onthou dat hy gepraat het nie? -- Ek kan nie onthou nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2047. -- Die een op die beeld met 'n geel T-hemp van die UDF is George wat saam met my gegaan het na hierdie vergadering toe.

George wie? -- George Matime.

MNR. JACOBS: Op watter stadium is hierdie foto geneem? Ons het nou gesien dat daar was toesprake en nou kom die foto buitekant. Kan jy onthou? -- Wat gebeur het daar was terwyl 'n persoon besig was met 'n toespraak, as daar ander mense opdaag met 'n bus om die vergadering by te woon, dan sal daardie spreker gestop word, die mense in die saal sal die saal verlaat om die mense wat net opdaag te gaan ontmoet buite. Dus hierdie foto was geneem met die aankoms van die persone op die beeld.

(Videoband word gespeel - stop.) -- Speel 'n bietjie terug.

(Videoband word teruggespeel - stop.) Nr. 2048. -- Die persoon daar op die beeld met iets blou aan ..

HOF: Met die bou pet op? -- 'n Blou pet op.

Ja? -- Dit is ekself.

En die blou hemp of die blou trui? -- Dit is 'n blou trui.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2101. Ken u hierdie vrou wat hier praat? -- Nee, ek ken haar nie.

Onthou u haar? -- Nee. Dit is lank gelede. Ek kan nie van die mense nou meer onthou nie.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2265. -- Die persoon, dit is nou die Swartpersoon wat daar opgekom het op die verhoog ...

Die persoon met die lang hare? -- Met die lang hare.

Toutjieshare/..

Toutjieshare. -- Dit is korrek.

Ja? -- Dit is die persoon wat ek gesê het dit is Ingwapele Madingwane.

(Video word gespeel - stop.) Nr. 2285. Dit is dieselfde persoon wat u aangedui het as Ingwapele Madingwane? Wat die fluit speel. -- Ja.

Ons het hom hier as Andrew Mogotsi "trading as Jingles." Hy is aan ons so voorgestel, as Madingwane en hy het Atteridgeville verskeie kere besoek en dit is hoe hy daar bekend staan.

MNR. JACOBS: Ken jy hom as Jingles of die woord Jingles al gehoor? -- Nee, ek ken nie daardie naam nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2288.

MR BIZOS: It is not in connection - accused no. 4 has a problem, My Lord, which he would like Your Lordship to ...

COURT: Yes, I do not think we need note that against a number.

Gaan maar voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2478. -- Dié een is Cedrick Kekane wat ek al vroeër gesê het was ook teenwoordig gewees.

Dit is die spreker met die pet op? -- Ja.

Ons is nou op die punt in die transkripsie op bladsy 22 waar daar staan "unknown Black speaker in green uniform". Dit is Cedrick Kekane. -- Ja.

K270 (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2761.

I place on record that for a considerable time now we have had no picture at all but only the sound and we are now on page 27 at the end of the page where it is stated "no sound, picture returns on viewer." (Video tape is played - stop.)

MNR. JACOBS: U Edele, ek dink dit is heeltemal onduidelik en verder, dit kan miskien op hierdie stadium maar die einde ...

HOF: Nr. 2817. Ons staak die vertoning verder.

MNR. JACOBS: Kan u onthou in hierdie vergadering, hoewel u nie

persone/..

persone se name ken of hulle identiteit kan onthou nie, of daar vroumense was wat vergaderings, die vergadering toegespreek het, nie op wat jy hier - maar uit jou eie uit? -- Ja.

Wat kan jy onthou? -- Die ander kan ek nie onthou wat hulle name was nie. Daar is net eén wat ek nog kan onthou, naamlik Amanda.

Kan jy sê, die vergadering wat jy bygewoon het, is in hoofsaak wat die gebeure hier uitgebeeld was, die singery, die mense wat jy wel herken het, was dit wat gebeur het op daardie vergadering? -- Ja, dit is wat gebeur het daar.

<u>CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS</u>: Do you recall what time you arrived at this meeting? -- I think I will have to say at about two we arrived there, though I do not quite remember.

Do you remember whether the meeting had already started when you arrived there or whether you came before it had started? -- Toe ek daar gekom het, dit wil sê die tyd wat ek binnegekom het daar, was hulle net besig om te sing daarbinne. Daar was nog niemand wat besig was met toesprake.

And was there singing before the meeting started? -- Ja.

How long did the meeting last? What time did you go away more or less? -- Ek skat dit is om en by 19h00 in die namiddag.

So this meeting lasted about five hours? -- Dit moet so wees, ja.

Would you agree that it is clear from your answer that you have just given that what you have seen on this tape is but a small part of what happened? -- Ja, omrede van die mense wat ek daar gesien het as sprekers was nie by hierdie vertoning gewees nie, dit wil sê hulle was nie op die beeld nie.

Do you agree also that even though speakers were shown, do you know whether the person that was taking the picture, was

taking/..

taking a continuous record or whether he interrupted it, from what you remember compared to what you saw on the screen? -- I am not in a position to tell the Court as to what the video cameraman was doing because there are certain portions of what was happening there which are not on this video.

You, as you are standing there, without assistance from what you saw and heard, would not remember anything specific that any speaker said? -- I would not because it is long back. I cannot remember what the speakers were saying.

The name that you gave to the person with the plaited hair, are you sure that you remember the name that was given of him at the meeting? -- He was known to me by the name of Ingwapele Madingwane. I do not know whether they gave him another name or they called him on another name there. That one I do not know.

That is a name you know him from - by from another context altogether? -- That is correct.

COURT: Is Ingwapele a normal name or could it be a stage name? -- I am not in a position to tell the Court whether that is his name he uses on the stage or not, but he is only known to me by that name.

MR BIZOS: There may be an explanation, My Lord, which I think that the accused want to convey to me. Could we just - we might as well have clarity on it.

COURT: Yes, yes, have clarity on this.

MR BIZOS: Perhaps the witness in good faith has - you see, the name that you gave is the name of a well-known writer and poet who is not this person. -- I once had a book or saw a book written by one Ingwapele Madingwane. I only know this person by sight, that is the person I referred to here on the video as Ingwapele Madingwane, who is also - who came to be known to me later because of people calling him Ingwapele Madingwane as

Ingwapele Madingwane.

I can understand how you became confused because you see, this person's name is in fact Jingles.

COURT: And not Andrew Mogotsi?

MR BIZOS: Andrew Mogotsi known as Jingles, and that he ...

COURT: That is what one may call a name for all seasons.

MR BIZOS: For all seasons, but that he purports to recite the poet's poetry. -- Well, it is possible.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

SIMON PETRUS CLOETE v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Mnr. Cloete op 28 Julie 1984, het u 'n vergadering bygewoon in die Lyric-bioskoopsaal, Kimberley. (Tussenbeide)

HOF: In die Lyric?

MNR. JACOBS: Is dit reg? Het u hom bygewoon? -- Dit is korrek.

Die vergadering was hy geadverteer vooraf daar in Kimberley? -- Dit is korrek.

Waar was hy geadverteer en hoe was hy geadverteer? -- Van die plakkate van die spesifieke organisasie, UDF, was in die woonbuurt waar ek gewoon het, Roodepan - dit was veral op heinings en lamppale was dit geplak.

Die vergadering, toe u dit gaan bywoon het in die Lyric-saal, ken u die saal in besonder? -- Ja, ek ken dit in die besonder omrede die saal het in my werksarea gelê en ek het gereeld van tyd tot tyd daar inspeksies gaan uitvoer.

Watse werk het u gedoen dat dit in u werksarea geval het? -- Ek was in diens van die Munisipaliteit van Kimberley as gesondheidsinspekteur.

Gesondheidsinspekteur? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS: Nou, u sê u het die vergadering bygewoon? Hoe laat

het/..

het u gearriveer daar? -- Dit was in die omgewing van 16h00 die middag, 16h00, 16h30, ongeveer.

HOF: Was dit 'n UDF-vergadering? -- Dit was 'n UDF-vergadering.

MNR. JACOBS: Met u aankoms by die vergadering, was dit reeds aan die gang gewees of wat was die posisie? -- Dit was al aan die gang as ek reg onthou.

Toe u nou ingegaan het, wat het gebeur daarso op daardie stadium? -- Toe ek die vergadering binnegaan was daar 'n spreker aan die woord as ek reg onthou. Dit was - die spreker was 'n dame. Dit was mev. Albertina Sisulu.

Het u toe daar in die saal plek ingeneem? -- Dit is korrek.

Die saal, was hy in enige mate opgemaak gewees toe u daar ingekom het? Indien wel, wat het u waargeneem? -- Die verhoog was opgemaak met plakkate, met die "Don't Vote Rally"-plakkate en agter die sprekers was 'n groot geel UDF-plakkaat.

Die plakkaat, was dit 'n papier affêre gewees of was dit .. -- Daar was baniere onder andere en daar was papierplakkate, maar die UDF een, die gewone plakkaat, dit was in papier.

Behalwe vir die verhoog was daar nog op ander plekke plakkate aangebring? -- As ek reg onthou teen die kante van die saal was ook van die plakkate.

Terwyl hierdie dame, mev. Sisulu, aan die gang was met haar toespraak, was daar ander mense wat ook daar op die verhoog plek ingeneem het of plek geneem het, gesit het? -- Daar was ander mense, plus-minus 15 na 20 mense.

Was van hulle sprekers ook later gewees in die vergadering? -- Van die mense wat op die verhoog was, was sprekers. Ek kan nie sê of hulle almal sprekers was nie, maar van hulle was sprekers.

Het hulle spreekbeurte gehad na die dame klaar was? Het van hulle daar deelgeneem as sprekers? -- Ja, dit is korrek.

Kan u onthou wie of enige van hulle identifiseer? -- Ek

kan/..

kan professor Mohammed kan ek onthou. Hy was van die sprekers, en mnr. Lekota.

Is dit beskuldigde nr. 20 hier by die hof?

HOF: Laat hom opstaan. (Beskuldigde nr. 20 staan op.) -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS: Was daar nog ander mense wat jy nie meer kan onthou nie of wat is die posisie? Is dit net die twee wat u kan .. -- Daar was andere wat ook gespreek het, maar ek kan hulle nie meer onthou nie, maar wat ek definitief kan onthou dat daar iemand gepraat het. Hy het 'n soort van Arabiese drag aangehad. Dit was so 'n kleed gewees, maar ek weet nie wie hy was nie.

Gedurende hierdie vergadering, kan u onthou was daar enige liedere gesing? -- Kan u net herhaal die vraag, asseblief?

Liedere gesing was gedurende die verloop van die vergadering, tussen toesprake of met toesprake? -- Ek kan op een stadium kan ek dit onthou, dat daar so iets gebeur het.

Kan u miskien onthou waaroor van die sprekers gepraat het, die tema van hulle toesprake? -- Ek kan nie die tema woordeliks onthou nie, maar in wese het dit daaroor gegaan, oor die nuwe bedeling, veral het dit gegaan oor die vraag of die Kleurlinge dan nou moet deelneem of nie en hulle was sterk afgeraai om dit nie te doen nie, die Kleurlinge en die Indiërs, om deel te neem aan die nuwe ...

Kan u onthou enigiets uit beskuldigde nr. 20 se toespraak, of hy enige besondere iets daar in sy toespraak gemeld het, behalwe dat hulle nie moet deelneem aan die parlementêre verkiesing nie? -- Mnr. Lekota het so - ek kan nie woordeliks onthou nie, maar hy het so 'n oorsig gegee oor die geskiedenis van Suid-Afrika en hy het ook verwys na die ANC.

Mnr. Cloete, met verlof van die Hof gaan ek 'n video-kassetopname speel in die hof. Ek wil hê u moet daarna kyk en vir

die/..

die Hof dan sê of dit die vergadering is wat deur u bygewoon was en dan as daar enige persone of insidente of gebeure is wat u aan die Hof wil uitwys, dan moet u net vra dat dit gestop word, dan sal dit gestop word en dan sal dit vir u 'n geleentheid gee om te verduidelik.

HOF: En ook - dit gaan waarskynlik 'n lang en vervelige saak wees so u is geregtig om te sit terwyl ons die ding vertoon.

MNR. JACOBS: U Edele, ek gaan dan 'n koevert wat ook weer geseël is met rooi lak en 'n polisieseël 1141. Op die koevert is 'n aantekening aangebring "Oorspronklike video gemerk: 'United Democratic Front 1984'" is op die bokant getik en dan weer "United Democratic Font" 1984 op die agterkant getik. Ek breek dan die seël. U Edele, die kassetband is in 'n houer, 'n plastiekhouer. Bo-op staan "60 Telefunken E60 videokasset", onderaan staan gedruk "professional grade VHS." Op die agterkant van hom, staan dan weer - dit is die rugkant, is "E60" en dan groot gedruk "60 Telefunken-video-kasset VHS." Die anderkant het net weer sulke voorskrifte. Die kasset self - op die rugkant van die kasset is daarso die wit etiket waarop in tikskrif aangebring is "United Democratic Front 1984" en net onder dit staan daar die woorde in potlood en in lopende skrif "Kimberley". Op die bokant daarvan is ook 'n etiket. Op die etiket is getik "United Democratic Front 1984". Hier is ook opdragte wat hier geskryf is omtrent die gewone, van die kasset self. Ek sal dit net vinnig lees. Ek weet nie of die Hof dit volledig wil aanteken nie.

HOF: Nee.

MNR. JACOBS: Dan sal ek dit uitlos.

HOF: Is dit die totaliteit?

MNR. JACOBS: Dit is die totaliteit.

HOF: Nou, watter nommer kry hy?

MNR. JACOBS: Hy sal BEWYSSTUK 16 word.

HOF/...

HOF: Dit word dan BEWYSSTUK 16. Sal u hom merk, asseblief, en hy gaan saam met V16?

MNR. JACOBS: Saam met V16.

HOF: Die vorige kasset, kasset 15, moet teruggehandig word aan my klerk.

MNR. JACOBS: Ek het hom dan gemerk in rooi bo-op die etiket wat op die bokant is, BEWYSSTUK 16. Miskien kan 'n mens net voor die verdaging net die lesings neem weer op die ...

HOF: Ja. Sal u die kasset installeer. Op watter masjien word hy gespeel?

OPERATEUR: Dit is JVC, model nr. HR/D120ES.

HOF: En hy werk soos die voriges met nommers?

OPERATEUR: Dit is reg.

HOF VERDAAG VIR TEE. HOF HERVAT.

SIMON PETRUS CLOETE (Nog onder eed)

HOF: Is die kasset in? Ons begin by nommer nul?

OPERATEUR: Dit is korrek.

HOF: Ja, goed. (Video word gespeel - stop.) Is die beel vanself so onduidelik of is dit omdat ons hom onduidelik vertoon?

OPERATEUR: Dit is 'n swak opname. Die persoon het hom nie gefokus nie.

HOF: 'n Swak opname wat nie gefokus is nie. Ja, dankie, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 96. -- Dit is mev. Sisulu daar met die bril op wat nou daar praat. Ek herken haar.

Met die rooi serp? -- Dit is korrek.

(Videoband word gespeel - stop.) -- Kan u net die band daar stop, asseblief.

Nr. 214. Ja? -- Dit is die plakkate waarna ek verwys het daar in die "Don't Vote Rally".

Die plakkate wat voor die spreker se tafel is en op die

kateder/..

kateder? -- Dit is reg.

Ja, dankie. (Video word gespeel - stop.) -- Kan u net daar stop, asseblief. Dit is die groot ...

Net voordat u praat, laat ons eers die nommer afskryf. Nr. 334. -- Dit is die groot UDF-plakkaat waarna ek verwys het, agter. Agter die sprekers op die verhoog.

Ja, dankie. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 920.

MR BIZOS: The word "Fascists" I do not think is correctly transcribed. I think on careful listening the word is "vultures".

COURT: "Vultures" instead of "Fascists."

MR BIZOS: I do not know that it makes any material difference but I think - it does not come out clearly but ...

COURT: What page are you on now?

MR BIZOS: On page 8, six lines from the bottom just before "audience".

COURT: The word "Fascists" is used quite a number of times by the speaker, not only once. You will have to listen to it at the other places as well.

MR BIZOS: At the other places as well. I do not think it was clear at the others, but I think ..

COURT: At page 7 we have it as well.

MR BIZOS: Yes. In so far as it may make any difference, I think that careful listening will ...

ASSESSOR (MR KRüGEL): And the previous videos as well, in previous videos as well - previous speeches, other speeches.

MR BIZOS: "Vultures" was used.

COURT: "Fascists." Well, I suggest you make a note at page 8 and at page 7 and should this tape be admitted eventually then there can be an agreement between the State and the Defence as to what is actually said. We will note it is on page 7 and 8 of the transcript.

MNR. JACOBS/..

MNR. JACOBS: Terwyl die onderbreking daar is kan jy net vir ons sê wie is die persoon, weet jy wie die persoon is wat nou daar praat? -- Nee, ek weet nie. Ek weet nie wie hy is nie.

Ken jy hom nie? -- Nee.

HOF: Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) -- Kan u net daar stop, asseblief.

Nr. 1142. -- Daar op die linkerhand, soos ek nou staan en na die beeld kyk, op die linkerhand, daar sit die persoon wat ek na verwys het as die onbekende - ek ken hom nie, maar hy is so gekleed in Arabier se drag, wat ook 'n spreker was.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1317. -- Dit is die persoon na wie ek verwys het wat onbekend is, daardie in die Arabier se drag. Dankie.

Dankie. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1047.

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons net sê wie is die persoon? -- Ek is nie seker nie. Ek weet nie.

Hy was daar op die vergadering, nè? -- Ja, maar ek weet nie wie hy is nie. Ek kan hom nie herken nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1420. -- Die man met die bril hom, herken ek hom as professor Mohammed.

K271 (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2006. -- Dit is mnr. Lekota en daardie toespraak.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2899.

HOF: Is dit 'n geleë tyd vir die verdaging, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS: Dankie, U Edele, dit sal geleë wees.

HOF VERDAAG TOT 1986-05-19 OM 09h00. HOF HERVAT 1986-05-19.

SIMON PETRUS CLOETE v.o.e.

HOF: Ons was by nr. 2899 en ons gaan voort.

MR BIZOS: My Lord, the operator is temporarily absent. There we are, but whilst I am on my feet I understood that Your Lordship required that each of the accused that require to see a

doctor/..

doctor should really ask for Your Lordship's permission beforehand. I have two letters from the head of the prison hospital. Accused no. 9, Ephraim Ramakgula, Your Lordship will recall that he has a chronic condition and he has to go regularly for check-ups and we hope that they will get an appointment for him tomorrow. Accused no. 1, Mr Baleka, was suspected to have a condition and certain medication was given but he was asked to go back for a further check and I have a similar letter from ..

COURT: When does he have to go?

MR BIZOS: Well, My Lord, appointments have to be made and it may be convenient for the people that transport them to and fro if they can make an appointment for tomorrow, that it should be made for tomorrow morning.

COURT: Also for tomorrow? If possible.

MR BIZOS: Yes, if the particular doctor will be on duty.

COURT: Permission is granted provided you inform me tomorrow morning what the circumstances are. Yes, will you hand those to my registrar.

MR BIZOS: One of them, My Lord, I will hand in as future appointments that have been made, during this month and going onto next month, where specialists have actually made bookings in advance so I will hand that to ..

COURT: At the moment, are we ...

MR BIZOS: Everyone is here.

HOF: Ons is besig met band nr. 16, 2289 - ekskuus, 2899 moet ons op wees. U mag sit, mnr. Cloete, indien u so voel. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2907. -- Dit is die singery waarna ek verwys het en op die stadium het ek die saal verlaat.

(Videoband word gespeel tot einde.) Nr. 3570 is die einde van hierdie videoband. Hy is onderbreek.

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Kan u net vir ons sê die

dele wat u nou gesien het terwyl u daar was, is dit 'n ware beeld van wat gebeur het op daardie vergadering wat deur jou bygewoon was? -- Dit is korrek so.

En wat gesê is ook, kan jy dit identifiseer, is dit wat daar gesê was wat jy onthou? -- Kan u net herhaal, asseblief.

Wat gesê is, die toesprake, kan u dit onthou? Dat daar gesê is soos wat dit nou hierso weer teruggespeel is. -- Ja, soos dit teruggespeel is.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: In verband met u laaste antwoord, dat die deel wat u gesien het, u kan onthou na dit teruggespeel is, het u voorheen die video gesien? -- Ja, ek het my verklaring so gemaak, gesê ...

HOF: U moet net 'n bietjie harder praat. Ek hoor nie goed nie. Wat is u antwoord? -- Die antwoord is ja. Ek het in die verklaring ook so vermeld, dat kaptein Heystek aan my die band gewys het.

MNR. BIZOS: O, u het die band voorheen gesien. Wanneer? Wanneer het u die band gesien? -- Dit was op 21 April.

Die jaar? -- Die jaar, 1986.

Het u enige afsonderlike gegee van wat gesê is? -- Ek het nie besonderhede in detail gegee nie, omdat ek op daardie stadium - het ek gevoel dit is lank gelede wat die - dit was in 1984, wat ek die vergadering bygewoon het, en ek het nie 'n woordelikse verslag gegee van wat die sprekers wel gesê het nie, maar net in breë trekke.

